*Scriptura* 13 (1984) pp 1-7



# DIE WAARDE VAN BYBELKUNDE VIR DIE GEWONE BYBELLESER

*B C Lategan*
*Departement Bybelkunde*
*Universiteit van Stellenbosch*
*7600 Stellenbosch*

*Abstract - The value of Biblical Studies for the ordinary reader of the Bible.*

Interest in the (ordinary) reader of the Bible is on the increase, due to several reasons. On the level of literary theory, the swing to pragmatics, i e speech act theory and reader's response has stimu= lated this interest. Secondly, there is a wide-spread dissatisfaction with the results of the his= torical-critical approach, especially in third world countries. This has caused developments like interest-theology, with materialistic exegesis as an extreme example. A further phenomenon is the renewed interest in the historical setting of the Bible, exemplified by studies on the sociology of the New Testament. Lastly, the sharp increase in Bible study groups gives evidence of the increasing importance of the ordinary reader and the emergence of a do-it-yourself theology. The paper discusses the implica= tions of these developments for the teaching of Biblical Studies and ends with a recommendation that the Society gives serious attention to the needs of the ordinary reader of the Bible.

* * *

1 Wie is die "gewone leser"? Dit was die eerste gedagte wat by my opgekom het toe die Algemene Sekretaris my gevra het om hierdie onderwerp in te lei. Sou ons die term kon vervang met 'n ander gewilde, maar ook taamlik niksseggende omskrywing, nl die sogenaamde "geïnteresseerde leek"? Waarskynlik word

hier egter bedoel iemand *sonder spesifieke of professionele opleiding in die lees van die Bybel* - dit wil sê in elk geval nie predikante nie en ook nie onderwysers met Bybelkunde-opleiding wat vir die onderrig van die vak verantwoordelik is nie. Laat ons vir die doeleindes van die paar opmerkings wat hieronder volg, bg omskrywing as uitgangspunt neem.

2 Daar is egter ook 'n ander (moontlik onbedoelde) assosiasie wat deur die begrip "gewone Bybelleser" opgeroep word. Vanuit verskillende oorde en op grond van dikwels heel uiteenlopende redes, het die rol van die *leser* van 'n teks, in ons geval die Bybelse teks, 'n belangrike fokuspunt van die ondersoek geword. 'n Mens sou selfs van 'n stille rewolusie kon praat wat hom die afgelope dekade voltrek het. Hierdie ommekeer het verreikende implikasies vir almal wat met die verstaan en interpretasie van die Bybel gemoeid is. In die volgende paragrawe sal enkele van die faktore wat hierby 'n rol speel, kortliks bespreek word om ten slotte sekere aanbevelings ten opsigte van die vak Bybelkunde as sodanig te formuleer.

3 Die eerste belangrike faktor is die verskuiwing wat daar op die gebied van die hermeneutiek en meer spesifiek van die literatuurteorie plaasgevind het. In baie algemene terme sou hierdie verskuiwing as 'n ontwikkeling in die rigting van die *pragmatiek* beskryf kon word. Dit neem 'n verskeidenheid van vorme aan en duik soms op onverwagte plekke op. Een voorbeeld is die klem wat op taalhandelingsteorie (speech act theory) gelê word. Taal het nie alleen 'n informatiewe of uitdrukkingsfunksie nie, maar kan ook die middel wees waardeur bepaalde effekte of resultate bereik word. Hierdie insigte word op 'n verskeidenheid van terreine toegepas - vanaf die reklamewese tot die effektiewe gebruik van retoriek en oudio-visuele hulpmiddels in die kommunikasie van die evangelie. Saam hiermee hang 'n groeiende belangstelling in die ontvangskant van die verstaansgebeure. Waar in vroeëre fases die aandag veral op die oorsprongsvrae van die Bybelse teks toegespits is en dus op die verhouding tussen skrywer (of redaktor) en teks, is die historiese paradigma wat hiervoor gebruik is, geleidelik vervang deur 'n strukturalistiese benadering waarby die teks as outonome gegewe in al sy onderlinge verhoudinge bestudeer is. Tans is daar 'n sterker wordende konsensus dat die hele kommunikasiegebeure nie volledig verstaan kan word as die ontvangproses as sodanig nie ook in die metodologiese besinning betrek word nie. Dit vorm die stukrag agter die belangstelling in die resepsieproses, in die rol van die leser. Wat in Europa "Rezeptionsforschung" en in Noord-Amerika "reader's response" genoem word, is alles deel van hierdie ontwikkeling. Dit blyk nou dat die

leser nie bloot 'n passiewe ontvanger van bepaalde betekenis=inhoude is wat deur die skrywer via die teks aan hom oorgedra word nie. Die leser speel 'n baie aktiewe en selfs produktiewe rol in die ontvangs en die singewing van 'n bepaalde teks. Om hierdie rede het ons onderwerp te doen met 'n sentrale tema in die huidige Bybelondersoek. Sommige meen dat ons hier 'n nuwe toegang tot die verstaansgebeure gevind het wat 'n sleutel bied vir die oplossing van sommige probleme wat tot dusver hardnekkig weerstand gebied het. Of dit 'n oorskatting van die moontlik=hede van hierdie benadering is, sal die tyd nog moet leer. In elk geval lyk dit asof die leser vir 'n geruime tyd 'n belang=rike fokuspunt in die navorsing bly.

4 Die belangstelling in die gewone Bybelleser word ook vanuit 'n heel ander hoek gestimuleer. In 'n interessante oorsigs=artikel (Some new voices in New Testament interpretation, *Anglican Theological Review* 64 (1982), 362-70), toon Daniel Harrington aan dat in verskeie lande buite Europa (Indië, Suid-Amerika, Afrika) daar 'n toenemende ontnugtering met die resul=tate van die gangbare histories-kritiese metode merkbaar is. Hoewel die legitimiteit van die historiese vraagstelling erken word, lê die weerstand op sowel 'n praktiese as 'n metodologiese vlak. Eerstens word beweer dat die werkwyse en resultate van die histories-kritiese metode selde suksesvol aan die gewone Bybelleser oorgedra word en meestal tot 'n kring van ingewydes en deskundiges beperk bly. Verder spreek dit selde direk tot die belangstelling en probleme van die gewone leser. Hierdie waarneming hang saam met die beswaar op metodologiese vlak - die histories-kritiese metode is 'n tipiese produk van die Westerse post-verligting geestesgeskiedenis wat nie noodwendig deel uitmaak van die denkklimaat en ontwikkeling in ander wêreld=dele nie. Hierdie Europese uitvoerproduk pas eenvoudig nie op die problematiek van derdewêreldlande nie en daarom word die resultate wat daarmee bereik word as onsaaklik en van weinig praktiese nut beskou. Die vanselfsprekende bevoorregte posisie wat die histories-kritiese benadering in die eksegetiese bedryf inneem, kom hierdeur in 'n ander lig te staan.

5 Dit sou egter 'n fout wees om te meen dat hierdie tendens eenvoudig beteken dat nou teruggeval word op 'n onkritiese en naïewe benadering tot die Bybel (hoewel daar ook hiervan voorbeelde in die huidige situasie te vind is.) Die verskil in omstandighede tussen eerste- en derdewêreldlande het juis die aandag gevestig op die historiese konteks waarin verstaan plaasvind en die "produksiefaktore" wat hierby 'n rol speel. Die hernieude belangstelling in die sg "sosiologie van die Nuwe Testament" (dink maar aan die werk van Gerd Theissen) is juis

'n poging om die beperkinge van die historiese kritiek te oorkom en om 'n ander toegang te verkry tot die ontstaansituasie van die vroeë kerk of die sg "Jesusbeweging". Dit was verder on= vermydelik dat tegnieke wat deur die marxistiese maatskappy-kritiek ontwikkel is, ook op Bybelse materiaal toegepas is. Hiervan is die Suid-Amerikaanse ontwikkelinge miskien die beste voorbeeld, hoewel dit ook in 'n spesifieke hermeneutiese teorie sy neerslag gevind het - die sg "materialistiese eksegese" wat eers deur Ferdinando Belo ontwikkel en daarna deur die werk van Michel Clevenot vir die algemene publiek toeganklik gemaak is. Vir die doeleindes van ons bespreking wil ons net op twee aspekte die aandag vestig. Die praktyk-gerigtheid van hierdie benadering blyk duidelik uit die basiese uitgangspunt dat elke teks, dus ook die Bybelse teks, bepaalde *belange* dien - die belange van een of ander groep of klas of individu. Hierdie belange tree aan die lig wanneer die produksie-omstandighede waarin die teks tot stand gekom het, ondersoek word. Dit is die taak van die eksegese om hierdie dikwels onderliggend of onbewuste belange na die oppervlakte te bring. Die tweede aspek waarop ons wil wys, is dat die hele vraagstelling van die gangbare eksegese bevraagteken word. Die praktyk van uitleg kan in sigself 'n belange-oefening wees, d w s gerig daarop om 'n bepaalde standpunt te regverdig of om die status quo te bestendig. Dit is duidelik dat die gesprek met benaderings van hierdie aard nie sal kan steun op tradisionele gemeenskaplike uitgangspunte nie en ook nie met standaardantwoorde tevrede gestel sal kan word nie.

6 Materialistiese eksegese is waarskynlik die mees ekstreme voorbeeld van belange-teologie. Tog is in die Suid-Afri= kaanse opset soortgelyke strominge aanwesig met die beïnvloeding van bevrydingsteologie, swart of wit teologie en die verskillende reaksies daarop. Ook op eie werf vertoon die uitleg van Bybelse tekste al meer 'n spesifiek pragmatiese dimensie. Die betrokken= heid van die kerk by sosiaal-politiese vraagstukke, die reg= verdiging van bepaalde standpunte op Bybelse gronde, die rol wat godsdienstige kwessies in die referendum van 1982 gespeel het, die afkondiging van 'n status confessionis deur die NG Sending= kerk en die reaksie van die NG Kerk daarop, die moontlike verandering van huwelikswetgewing wat tans oorweeg word - al hierdie ontwikkelinge het die sg "gewone" Bybelleser die hardste van almal getref. Dikwels beskik hierdie leser nie oor die kundigheid of inligting om tot 'n eie oordeel oor hierdie sake te kom nie en moet hy of sy hom of haar verlaat op deskundiges of amptelike uitsprake van kerke. Uit onderhoude en briewe aan die pers is dit duidelik dat hierdie gewone leser homself in 'n ernstige staat van verwarring bevind - verwarring vanweë die

teenstrydige uitsprake van sg deskundiges en vanweë die teenoorgestelde aansprake wat op een en dieselfde Bybelse outoriteit gemaak word. Dit is daarom verstaanbaar dat "bewyse" uit die Skrif en beroepe op die gesag van die Bybel problematies begin word. Die diskussie wat op die oomblik hieroor aan die gang is, is simptomaties van die werklike noodsituasie waarin die gewone leser hom bevind.

7 'n Direkte gevolg van hierdie verwarring is dat die gewone leser sy vertroue in gesagsinstansies wat so diametraal van mekaar verskil, begin verloor. Daar is 'n duidelike anti-outoritêre tendens merkbaar wat uiteindelik daartoe lei dat die gewone leser *self* 'n weg deur die Skrif probeer vind en gaandeweg 'n eie en selfstandige mening begin opbou. Hierdie "selfdoen"-teologie is een van die kenmerke van ons tyd wat waarskynlik in die toekoms sterker sal word. Die ontwikkeling in hierdie rigting word verder versterk deur die opkoms van die charismatiese beweging waarin die betrokkenheid van die "gewone" lidmaat sterk beklemtoon word.

8 'n Laaste verskynsel wat ons hier wil noem en wat nou met die voorafgaande saamhang, is die ongekende groei in Bybelstudiegroepe van allerlei aard. Hierdie verblydende belangstelling is deels die gevolg van die behoeftes hierbo genoem, deels van 'n toenemende groei tot volwassenheid onder lidmate. Dit is egter hier waar die grootste behoefte aan leiding en geskikte materiaal bestaan. Instansies soos Bybelkor doen hier belangrike werk en die bereiking van die miljoenste Bybelkorkursus verlede jaar is 'n aanduiding van die skaal waarop hierdie werk plaasvind. Nogtans verteenwoordig sodanige kursusse slegs 'n gedeelte van die mark. 'n MA-ondersoek na Bybelstudiehandleidings wat tans aan die Universiteit van Stellenbosch onderneem word, het afgesien van Bybelkormateriaal, tot dusver 132 Bybelstudiegidse geïdentifiseer wat tans in Suid-Afrika beskikbaar is. Sommige van hierdie handleidings het reeds veertien drukke beleef, met oplaes in die omgewing van 70 000. Die gehalte van hierdie materiaal laat egter dikwels veel te wense oor en dit is 'n ernstige vraag of die saak van gesonde en verdiepende Skrifuitleg daardeur gedien word. Solank daar egter nie ander alternatiewe op die mark is nie, sal hierdie materiaal gebruik word.

9 As ons dus praat oor die waarde van Bybelkunde vir die gewone Bybelleser, het ons hier met 'n geweldige behoefte en 'n groot geleentheid te doen. Dit is my oortuiging dat die vak hom doelbewus moet rig op hierdie gewone leser en alles moet doen om sy kompetensie te verbreed en te verdiep. Dit sluit nie

alleen die ontwerp van kursusse en handleidings in om in hierdie behoefte te voorsien nie, maar ook die bereidheid om op die vrae in te gaan wat vir die moderne leser probleme skep. Ons sal daarom nie kan vermy om die onderliggende hermeneutiese veronder=stellings waarop die verskillende benaderings tot die Bybel berus, krities te ontleed nie. Ons sal dit nie kan ontduik om die lastige vrae van die Skrifgesag en die wyse waarop ons ons die Skrif beroep aan die orde te stel nie. Van ons kollegas het hierdie gesprek reeds begin en dit is ons almal se taak om dit met verantwoordelikheid en openheid voort te sit. Ons sal van=uit ons vak al meer ingestel moet raak op diens aan die breër geloofsgemeenskap - of dit in die vorm van simposia oor aktuele vraagstukke, of in die vorm van opfrissingskursusse of indiens=opleiding of in betrokkenheid by ons onderskeie kerkgemeenskappe is. Ons sal Bybelkunde al meer doelgerig (en selfs aggressief) moet bemark. Dit is die enigste geleentheid waar die nie-professionele teoloog, die sg "gewone Bybelleser" wetenskaplik en akademies gevorm kan word. Ons sal ons kursusse veel meer aantreklik moet inrig in dié sin dat dit 'n oriënterings- en vormende vak by uitstek kan wees vir enigiemand wat met tersiêre opleiding besig is, ook vanuit 'n natuur-wetenskaplike of teg=niese rigting. Maar ons sal ons visier ook buite die universi=teit en kollege moet rig op diegene wat in 'n gewone beroep staan en tot 'n beter verstaan van die Skrif wil kom. Dit is 'n veld wat nog braak lê en wat met inisiatief en verbeelding ontgin behoort te word.

10 Ten slotte is dit belangrik dat ons die vak met verant=woordelikheid sal aanbied. Daarmee bedoel ek dat in die eerste plek die wesenlike problematiek van die verstaan van die Bybel aan die orde gestel sal word. Niemand sal daarby baat as ons ter wille van 'n valse vrede of oppervlakkige eensgesindheid werklike probleme van ons studente weerhou of hulle onbekend met die kritiese stand van die wetenskap uit ons kursusse stuur. Daar is 'n sekere naïwiteit ten opsigte van die hantering van die Bybel wat onvermydelik verloor sal moet word. 'n Wetenskap=like instelling ten opsigte van ons vak vereis dat ons krities ten opsigte van ons eie uitgangspunt en die resultate van die verlede sal wees. Die omvang en kompleksiteit van hierdie pro=bleme kan egter ook 'n ander uitwerking op ons studente hê, nl dat hulle só onder die indruk van die historiese vraagstelling sal kom dat die kloof met die verlede onoorbrugbaar lyk en enige werklike verstaan van die Bybel 'n uitsiglose onderneming word. Ons sal ons studente verby hierdie punt van resignasie moet help. Dit is pedagogies en moreel onverantwoord om hulle in hierdie situasie te laat sonder om ook 'n weg *daardeur* aan te dui. In die vertroue dat 'n sinvolle kommunikasie met die verlede via

hierdie dokument *wel* moontlik is, sal ons hulle weer 'n vreugde aan die Bybelse teks moet bybring. Die verlies van 'n eerste naïwiteit, 'n worsteling met die komplekse problematiek waarvoor 'n studie van die Bybel ons stel, is 'n voorvereiste vir die vind van 'n tweede naïwiteit. Lg bestaan in die bereidheid om, welwetende van die talle vrae en onopgeloste raaisels verbonde aan hierdie dokumente, doelbewus te kies vir die kommunikatiewe moontlikheid wat in hul opgesluit is en in hierdie vertroue na sinvolle antwoorde op die probleme van ons dag te soek.

AANBEVELING

Dat die Vereniging hom beywer om spesifiek in die behoeftes van die "gewone" Bybelleser te voorsien deur o a

a) in die beplanning van sy kursusinhoude en die aanbiedingswyse van die vak hiermee rekening te hou

b) simposia en kursusse by geskikte geleenthede aan te bied spesifiek gerig op die gewone leser

c) leiding te gee by die evaluering van Bybelstudie-materiaal en moontlike alternatiewe te oorweeg.